**LEER BY Y'SHUA OOR NEDERIGHEID**

MattietYahu 11:29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele.

Die Messias het sy volgelinge aangemoedig om by Hom te leer oor nederigheid. Dit sal ons niks baat om Shabbat na Shabbat oor nederigheid en oor ootmoed te praat, as ons nie moeite doen om by ons Meester oor nederigheid te leer nie. Hy moes juis na hierdie wêreld kom om nederigheid en ootmoed met sy eie lewe te illustreer, sodat mense weer kon sien en kon hoor wat nederigheid werklik beteken, want dit is trotsheid en hoogmoed en arrogansie wat veroorsaak het dat Yahweh se volk van Hom vervreemd geraak het. Dit word treffend beskryf in YeshaYahu 59:1-2: "Kyk, die hand van Yahweh is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te toe om te hoor nie; maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle Elohiem, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie." Die Skrif laat by ons geen twyfel daaroor dat sonde (ongeregtigheid) en hoogmoed soos twee kante van dieselfde muntstuk is nie.

In Mieshleh (Spreuke) 16:5 staan hierdie woorde: "Elke hoogmoedige van hart is vir Yahweh 'n gruwel; beslis, hy sal nie ongestraf bly nie." Dit word oor en oor in die res van die Skrif bevestig, byvoorbeeld:

Mieshleh (Spreuke) 8:13 ("Die vrees van Yahweh is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek.")

Mieshleh (Spreuke) 26:12 ("Het jy 'n man gesien wat wys is in sy eie oë? Daar is meer hoop vir 'n dwaas as vir hom.")

Hoshea 7:10 ("die trotsheid van Yiesraél getuig openlik teen hom; en tog bekeer hulle hul nie tot Yahweh hulle Elohiem nie, en ondanks dit alles soek hulle Hom nie.")

YeshaYahu 2:12-17 ("Want 'n dag is daar vir Yahweh van die leërskare oor al wat trots en hoog is, en oor al wat verhewe is, sodat dit verneder kan word; en oor al die hoë en verhewe seders van die Livanon en oor al die eikebome van Bashan; en oor al die hoë berge en oor al die verhewe heuwels; en oor al die hoë torings en oor al die versterkte mure; en oor al die skepe van Tarshiesh en oor al die kosbare pronkstukke. Dan sal die hoogheid van die mense neergebuig en die trotsheid van die manne verneder word; en Yahweh alleen sal in daardie dag verhewe wees.")

Dus, die ongeregtigheid wat soos 'n muur skeiding tussen Yahweh en sy volk gemaak het en wat die koms van die Messias noodsaaklik gemaak het, bestaan in wese uit hoogmoed, trotsheid en eiewaan. As ons nie die Messias se lering in hierdie verband aanneem nie, is ons soos blindes wat nie begeer om weer te sien nie. Wat is dit wat ons by Y'shua die Messias oor nederigheid kan leer?

Leer om eenvoud en afhanklikheid en vertroue en vrees soos 'n kindjie te hê. MattietYahu 18:3-4 "Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele."

Leer om die gesindheid van 'n dienskneg te hê en ander se belange bo jou eie te stel. MattietYahu 20:25-28 "Maar Y'shua het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."
Leer om liewer 'n plekaanwyser as 'n hooggeplaaste te wees wanneer dit kom by die koninkryk van Yahweh. MattietYahu 23:12-13 "Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself

verneder, sal verhoog word. Maar wee julle, skrifgeleerdes en Perushiem, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie."

Leer om eenvoudiges in die Naam van Y'shua met ope arms te ontvang. Lukas 9:46-48 "En daar het 'n redenering onder hulle ontstaan oor wie van hulle dan tog die grootste was. En toe Y'shua die redenering van hulle hart opmerk, neem Hy 'n kindjie en laat daardie een by Hom staan en sê vir hulle: Elkeen wat hierdie kindjie ontvang in my Naam, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het; want wie die kleinste onder julle almal is, hy sal groot wees." Leer om wysheid en kennis en grootheid ondergeskik te stel aan die waardes van die koninkryk. Lukas 10:20-21 "Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees bly dat julle name in die hemele opgeskryf is. In dieselfde uur het Y'shua Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Meester van die hemele en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het."

Leer om nie te soek na erkenning nie, maar altyd Hom te erken wat jou gesoek het. Lukas 17:7-10 "En wie is daar van julle wat 'n dienskneg het wat ploeg of vee oppas, en as hy inkom van die veld vir hom sal sê: Kom dadelik hier aan tafel? Sal hy nie eerder vir hom sê nie: Maak vir my die aandete klaar en omgord jou en bedien my totdat ek geëet en gedrink het; en daarna kan jy eet en drink? Bedank hy daardie dienskneg, omdat hy gedoen het wat hom beveel is? Ek glo nie. So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

Leer om liewer mense se voete te was as om hulle te probeer oortuig dat hulle 'n was nodig het. Yahuganan (Johannes) 13:13-17 "Julle noem My Meester en Leraar, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Meester en Leraar, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy meester nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, geseënd is julle as julle dit doen."